# PASTORALE HANTERING VAN DIE HEDENDAAGSE HUWELIKSPASTORAAT [1]

*A. P. C. Duvenage*

## 1. OORSIG EN AFBAKENING

Omdat die huwelik deur God ingestel is, omdat die sonde die huwelik in al sy fasette aangetas het, omdat die Verlossingsgenade van Christus ook die huweliksakker oorspoel het, en omdat die huwelik deel vorm van die nuwe lewe in Christus, het die pastor 'n onvervangbare taak met die huwelikspastoraat. In die era van stryd tussen sekularisme en die christelike ideologie is dit nog meer noodsaaklik dat die pastor sy plek tussen die ander dissiplines wat met die huwelik werk, sal kry. C. W. Stewart het gesê: „The minister has something unique to offer as a marriage counsellor. He touches the marriage and the family at a particular place and in a particular way" [2].

Die spesifieke taak en manier van bearbeiding gaan egter veel dieper as wat Stewart dit sien. Jay E. Adams stel dit mooi: „Practical ministry can never be anything less than ministry of the *Word*. That Word, understood exegetically and systematically, must permeat and motivate all practical work" [3]. Die pastor bly prediker van die Koninkryk van God. Jesus verbind sy prediking van die Ryk aan die oproep: „Bekeer julle" (Mark. 1 : 15) en hierin sluit Hy aan by Johannes die Doper (Mark. 1 : 4; Mat. 3 : 2). Die bekering beteken 'n radikale wending tot God. „Bekering is het prijsgeven van het vertrouwen op mensen of dingen en het skenken van het vertrouwen aan God alleen" [4].

Ook mense met huweliksprobleme moet van die genade van God alleen leef. Dit gaan dus in die eerste plek in die huwelikspastoraat om verandering — verandering in die houding van die egpaar teenoor God. Jay E. Adams sien die wese van die pastoraat as „*change* through verbal *confrontation* with Scripture out of *concern*" [5]. Daarom gaan dit ook in die huwelikspastoraat in die heel eerste plek om die verhouding van die lidmaat tot sy God [6]. Die regte verhouding tot God, bring reeds die genesing aan (1 Kor. 6 : 10, 11). En die verandering kan op geen ander manier teweeg gebring word, as deur middel van die Woord van die Here nie (Ps. 33 : 9; Ps. 119 : 9; Ps. 119 : 105; Spr. 6 : 23; 2 Petr. 1 : 19 e.a.).

In die oproep tot bekering of verandering, verdieping of oorgawe aan God, is die pastor slegs instrument, want God is die handelende Persoon [7] . Daarom gaan die pastor nie net die Woord gebruik nie. Hy moet dit ook biddend gebruik en die voorbidding mag nie verwaarloos word nie (Mat. 7 : 7). Dit hou ook in dat die pastor hierdie perspektiewe reg aan die begin van sy reeks gesprekke aan hulle wat vir hulp kom, moet oordra. Alles wat die verhouding met God bou, bou ook die huwelik (Ps. 128 : 1, 4).

Ter inleiding nog 'n enkele opmerking: dikwels word ons as herders agente wat egskeidings en krisisse hanteer, omdat ons die

lig van Gods Woord nie genoegsaam op hierdie aspek van die nuwe lewe in Christus Jesus laat val nie. Die gemiddelde huwelike kan alleen tot maksimum ontplooiing kom as eglede kinderlik afhanklik van God lewe en die duidelike riglyne van die Bybel in aanmerking geneem word, d.w.s. dankbaar tot eer van God geleef word. Daarom het die prediking, gesprekke in kleiner kring, gesprekke met wyksbyeenkomste, gesprekke tydens huisbesoek, voorligting aan jongmense, katkisasie en voorhuwelikse gesprekke met verliefdes en verloofdes, beslis sy plek. Die christelike huwelik het alles met die openbaring van God te doen [8]. Indien die prediking en pastorale gesprek nie ook die huwelik bestryk nie, kan dit nie die volle Raad van God bring nie. Voorkoming van huweliksprobleme bly beter as genesing daarvan.

Oor die hedendaagse huwelikspastoraat kan veel gesê word. Aanvaar ons egter dat die pastoraat langs die lyne van die Heidelbergse Kategismus beweeg, dan het die pastoraat met die volgende te doen: (1) kennis van jou ellende; (2) kennis van die verlossing, en (3) kennis van die dankbaarheid.

Die Woord van die Here mag nie vaag gebring word nie, en daarom is dit nodig dat ons meer weet van die huweliksdinamiek in die lig van Gods Woord. Wat ek nou wel bied, is iets wat 'n mens met vrug kan gebruik by die drie bg. aspekte van die pastoraat.

## 2. BASIESE VERHOUDINGS

Een van die duidelikste openbaringe wat die Bybel t.o.v. die huwelik gee, is: Dit is 'n eenheid (Gen. 1 : 27; Gen. 2 : 20—24; Ef. 5 : 31, 32).

Dit is 'n liefdeseenheid; dit is 'n dienseenheid; dit is 'n eenheid van algehele oorgawe teenoor mekaar; dit is 'n eenheid wat op mistieke wyse sy hoogtepunt in die seksuele bereik (Ef. 5 : 31, 32). Maar dit bly nog twee mense wat hul eie gedragspatrone, behoeftes, houdings en verwagtings in die huwelik indra. Daarom is daar wedersydse houdings van die een teenoor die ander in die huwelik. Die houding wat die kenmerkendste van die huwelik is, en aan die huwelik sy kleur gee, noem ek die *basiese verhouding*.

Die mees kenmerkende soorte verhoudings is soos volg:

### 2.1 *Die Vennootskapsverhouding* (kyk skets 2):

*Omskrywing:*

Alhoewel verwag kan word dat daar 'n sekere afstand tussen man en vrou sal wees [9], is die kenmerkende van die vennootskapsverhouding dat die afstand wel daar is, maar deur die wedersydse gerigtheid op mekaar verlore gaan. Elkeen leef sy eie lewe en word slegs aan mekaar gebind deur gemeenskaplike verantwoordelikhede en belangstellings. Ons kan dit vergelyk met treinspore wat parallel langs mekaar lê en slegs deur dwarslêers aan mekaar gebind word. Die „dwarslêers" is bv. die kinders, finansies, die seksuele en ander gesamentlike verantwoordelikhede en belangstellings. Kortom: elkeen leef sy eie lewe. Die

egliede kan naby mekaar beweeg of vér van mekaar af: soms so ver dat beide buite-egtelike vrhoudings het, en dit duld [10].

*Oorsake:*

Talle faktore is verantwoordelik vir die langs mekaar beweeg in die huwelik. Ek noem slegs 'n paar. Die mens is 'n gewoontevormende wese en daarom gebeur dit vrywel maklik dat man en vrou, reeds gewoond aan mekaar, die gerigtheid op mekaar en die verlusting in mekaar, verloor. Ons is ook van nature selfsugtig en warme liefde vra opoffering.
Toename in verantwoordelikheid kan egliede ook in 'n drukgang plaas en die gerigtheid op mekaar smoor; die verdwyning van die ekstatiese, die verwaarlosing van die intimiteit en saamwees, die sterk beklemtoning van die vryheid van die indiwidu, kan alles faktore wees wat man en vrou langs mekaar laat beweeg.

*Voorkoms:*

Gewoonlik kom die vennootskapsverhouding in die meeste huwelike 'n tyd na die huweliksluiting voor as die ekstatiese van saamwees afgeslyt is en die egliede gewoond geraak het aan mekaar.

*Simptome:*

Solank alles goed gaan, is die vennootskapsverhouding redelik spanningloos. Maar die verhouding mis diepgang en bied min bevrediging. Die warmte is uit die huwelik en die egliede is in 'n mindere of meerdere mate nie betrokke nie. Gewoonlik gaan elkeen sy eie gang.

*Gevolge:*

Een van die ernstigste gevolge is dat die vreugde van saamwees uit die vennootskapsverhouding verdwyn. So kan daar met die tyd 'n langsame vervreemding plaasvind, sonder ernstige konflik [11]. Die losser konstruksie van die huwelik lei ook noodwendig tot 'n losser konstruksie van die gesinslewe. So word die huwelik en ook die gesin al meer en meer 'n *Gesellschaft* i.p.v. 'n *Gemeinschaft* [12], en dit beperk weer die opvoedingsmoontlikhede.

Die vrou is emosioneel meer afhanklik van die man (Gen. 3 : 16; Ef. 5 : 29) as andersom. Terwyl die man hom op vele maniere kan uitleef, en lewensvervulling kan kry, is dit dikwels vir die vrou nie so maklik nie. Gevolglik voel die vrou die verskraling van die emosionele in die huwelik gewoonlik eerste aan. Die verskraling van die emosionele in die huwelik, is weer een van die groot oorsake van driehoeksverhoudings en huweliksontrou. En as die dwarslêers wat die spore aan mekaar verbind, later wegval — bv. kinders wat die huis verlaat — dan bly slegs die leë dop van 'n verhouding wat mooi kon gewees het.
Is dit nie jammer dat daar dikwels oor sake gepraat word, maar dat die hart nie meer in die kommunikasie is nie? Onnodig om te sê: die heerlike, tintelende en hartstogtelike liefdeswarmte,

soos Hooglied dit aan ons voorhou, is nie deel van die vennootskapsverhouding nie.

2.2 *Die afhanklikheidsverhouding* (kyk skets 3):

*Omskrywing:*

In die afhanklikheidsverhouding word die een persoon heeltemal afhanklik van die ander en boet mettertyd sy persoonlikheid in [13]. Of die man, of die vrou kan die onmondige, seggenskaplose afhanklike in dié verhouding wees, terwyl die ander party die sterk persoon is, wie se leiding onvoorwaardelik aanvaar word. Alhoewel die sterk-man-en-swak-vrou-verhouding tans nog redelik aanvaar word, word dit andersom nie goed deur ons gemeenskap aanvaar nie. Dan word dit dikwels gesê: Hy staan onder die pantoffelregering of sy sit op sy kop.
Alhoewel die verhouding in vele opsigte dieselfde kenmerke as dwangverhouding openbaar, is die kenmerkende van die verhouding dat die swakkere sy posisie as tweede viool gelate aanvaar en later geen behoefte het om die verlore selfstandigheid te herwin nie.

*Voorkoms:*

Die verhouding kom nie baie in ons samelewing voor nie — gelukkig nie! Maar die gevolge is skrikwekkend genoeg!

*Simptome:*

Een van die kenmerkendste simptome van die verhouding is die rustige vreedsaamheid. Die bekende Engelse teoloog en sielkundige, Weatherhead, vertel van 'n egpaar wat aan hom 'n besoek gebring het en aan hom vertel het dat hulle nog nooit enige meningsverskil gehad het nie. Sy kommentaar was: „Of die mense lieg, of dit is so dat een van die twee die ander geestelik verpletter het" [14].
In gesprekke — tewens in die hele lewenshouding van die sterker persoon — kry die swakkere nie veel erkenning nie. Die sterker persoon praat gewoonlik van „My huis, my kar, my kinders", ens. Die illusie leef dikwels by die mense dat hulle 'n baie geslaagde huwelik het!

*Gevolge:*

Die rampspoedige van die verhouding word duidelik uit die gevolge. „'n Vader wat .... onder die pantoffelregering staan, sal deur sy seun as ideaalbeeld verwerp word. Hierdie seun sal hom met sy oorheersende moeder identifiseer. Wat hieruit kan ontstaan, het die wetenskap baie duidelik bewys: die meerderheid homoseksuele mans stam uit die familiesituasie: „swak vader—oorheersende moeder." „Die verklaring hiervoor is dat die seun in sy geestelike nood sy moeder as ideaalbeeld kies. By 'n oorheersende vrou sonder teerheid vind hy egter nie genoeg bevrediging vir sy kinderlike begeerte na beskerming en warmte nie. Dit soek die seun nou by sy swak, toegewende

vader. Agterstevoor wêreld!"[15]. 'n Vrou wat haar man op dié wyse oorheers, kan ook kwalik vir hom 'n inspirasie wees wat help om sy potensiaal te ontwikkel.

Andersom, waar die man die sterk persoon is, en die vrou 'n „soort willose wese wat geduldig, gedienstig en gedwee die weg bewandel wat vir haar aangewys word"[16], skep net soveel probleme. Dr. Cronje skryf: „Die geestelike verslaafde vrou kan nooit gelukkig wees nie, ook al berus sy haar in haar lot. Die dominerende man sal ook nie geluk uit die egtelike verbintenis put nie, al kry hy sy sin. Daar sal per slot van sake onvermydelik en vanselfsprekend 'n geestelike afstand tussen hom en sy vrou wees — nie 'n wedersydse aanvulling nie"[17].

Die tipe huwelik kan mede-oorsaak wees van 'n hele reeks geestelike en psige-somatiese afwykings by kinders, veral as in aanmerking geneem word dat die sterk persoon dikwels hiperkrities is. Afwykings by kinders soos abnormale godsdiensontwikkeling, rolverwarring, dwelmverslawing, alkoholisme, anorexxia, asma, homoseksualisme, masturbasie, ekshibisionisme, paranoïde-reaksies kan soms medegewyt word aan gevolge van hierdie huweliksverhoudings[18]. Kinders uit so 'n huwelik het maklik later ook abnormale huwelikspatrone, omdat die rolle by die ouers 'n skewe voorbeeld stel. As die sterker persoon deur die dood weggeneem word, is die agtergeblewene gewoonlik onbeholpe en moeilik te vertroos.

Ook hierdie verhouding toon aan ons hoe die misdaad van die vaders aan die kinders besoek kan word. Oorheersing van die een deur die ander kan nie die toets van die Skrif deurstaan nie. In Gen. 1 : 27, 28 word die heersopdrag baie duidelik aan man *en* vrou gegee. En die hoofskap van die man bestaan beslis uit iets anders as oorheersing.

2.3 *Die dwangverhouding* (kyk skets 4):

*Omskrywing:*

In die dwangverhouding is die tipiese dat die een eglied die ander ombuig en dwing om op te tree soos eersgenoemde wil — die Lameg-huwelik (Gen. 4 : 23). Waar die een party die oorheersing deur die ander in die afhanklikheidsverhouding gelate aanvar, is hier 'n mindere of meerdere mate van verset by die onderdrukte. Nes by die vennootskapsverhouding het die dwangverhouding 'n wye spektrum van intensiteit: die dwang van die een teenoor die ander kan ru hardhandig wees of dit kan „minsaam", subtiel wees.

'n Voorbeeld van subtiele dwang kan dit illustreer: 'n Studente-egpaar moes heelwat leen om met hul studies voort te gaan. Beide moes deeltyds werk om die pot aan die kook te hou. Toe kry die buurvrou in die woonstelblok waar hulle woon 'n pragtige nuwe vrieskas — 'n hartsbegeerte vir die jong mevrou! Sy het haar man vertel van die vrieskas — bloot vertel! Dit was stap nr. 1. Maar telkens het sy teruggekeer na die vrieskas —

stap nr. 2. Later het sy vir hom 'n foto gewys — stap nr. 3. Maar beide was dit „eens" dat hulle dit nou nie kan bekostig nie. Later het sy vir haar man vertel dat buurvrou reken hul kan hul vrieskas binne twee jaar afbetaal met besparing op voedsel — sy wonder of hulle nie ook een moet kry nie — stap nr. 4. Meer argumente het bygekom. Dit sal darem baie gerieflik wees as hulle met hul besige programme net kos kan uithaal en gou opwarm — stap nr. 5. Met haar verjaarsdag het die man die vrieskas gekoop, en daarmee by hul reeds bestaande finansiële probleme 'n ellendige nuwe las gevoeg. Kan u begryp dat *hy* nie lekker teenoor sy vrou gevoel het oor die vrieskas nie? Benewens die dwang, is die tipiese dat daar ook aggressie in die verhouding is: soms latent, soms openlik. Daarmee probeer die party wat gedwing word, hom- of haarself verweer. Dit dra nog verder by om die huwelik te veronaangenaam en veroorsaak nog meer halsstarrigheid.

*Voorkoms:*

Omdat ons almal selfsugtig van aard is, en ons in ons verdorwe toestand van nature geneig is om God en ons naaste te haat, kom die dwangverhouding dikwels voor. Selfsug bly 'n voortdurende gevaar vir die meeste huwelike [19].

*Simptome:*

Aggressie, in 'n mindere of meerdere mate, openlik of latent, is deel van hierdie verhouding. Daarom word hierdie verhouding dikwels gekenmerk deur spanning. In gesprekke is die egliede maklik koppig, geïrriteerd met mekaar en neerhalend. Onredelike eise, opstandigheid, koudheid, onvriendelikheid, moedeloosheid, weiering van huweliksregte kan alles simptome wees van hierdie ongelukkige tipe huweliksverhouding [20]. In baie van die huwelike in hierdie groep kan die kringloopeffek gesien word: die weerstand van die een gee aanleiding tot meer eise, en gevolglike groter weerstand.

*Gevolge:*

In die dwangverhouding is nie een van die partye werklik gelukkig nie, en die irritasie en aggressie werk die vermoë tot oorgawe teen. Hiermee moet altyd in ag geneem word dat daar 'n wye spektrum van intensiteit van dwang en aggressie in die verhouding kan wees. Wat wel aanvaar kan word is dat dit 'n negatiewe uitwerking op die kinders moet hê: hul gevoel van sekerheid, hul binding aan die ouers, 'n verkeerde voorbeeld vir die kinders, vrees by die kinders vir diepgang in menslike verhoudings, stremming van godsdiensontwikkeling en nog meer afwykings kan deur die dwangverhouding by kinders veroorsaak word. Een van die tipiese gevolge, waar die man die dwingeland is, is die emosionele verwaarlosing van die vrou — op sigself oorsaak van vele ellende!

Alhoewel die verhouding in die oë van die wêreld as heel fatsoenlik kan deurgaan — ons is mos almal maar mense! — is dit

'n verhouding wat skril afsteek teen die prag-ideaal van 'n huwelik wat die Bybel in Ef. 5 gee. Die eenheid van die huwelik kom geensins tot sy reg nie. Die diensmotief, wat tot vryheid lei, word in die verhouding ernstig geknou (Gal. 5 : 13—15).

2.4 *Die Verbrokkelende Verhouding* (kyk skets 5):

*Omskrywing:*

In dié verhouding leef die egpare in 'n mindere of meerdere mate weg van mekaar. Die kontak is gewoonlik negatief, aftakelend. Die egliede is wrokkig, geïrriteerd met mekaar, en verstaan mekaar maklik verkeerd. Of *wil* hulle mekaar nie verstaan nie? Of kan hulle nie? Geen of weinig effektiewe kommunikasie versmoor die huwelik. Die verhouding word gekenmerk deur rusies. Omdat wrokkigheid 'n belangrike neerslag is, kom vergewensgesindheid dikwels nie verder as woorde nie. Ou koeie word dikwels weer opgegrawe. Katterigheid teenoor mekaar ontvlam maklik in 'n rusie. Die egpaar kraak mekaar meedoënloos af. Namate die rommel in die huwelik oploop, versleg dit gewoonlik vinnig.

*Voorkoms:*

Die voorkoms van dié verhouding kan tot 'n groot mate afgelei word uit die voorkoms van egskeidings, daar die verhouding gewoonlik kenmerkend is van die huwelik voor 'n egskeiding. In 1972 is 41 294 blanke egpare in die huwelik bevestig. Daarteenoor was daar 8 432 egskeidings. Dan moet dit ook nog in aanmerking geneem word dat egpare wat reeds in verhouding verval het, nog bymekaar bly „ter wille van" die kinders, fatsoenlikheid, finansiële redes, ens.

*Simptome:*

Die simptome van hierdie verhouding is maklik waarneembaar, want die verhouding word gekenmerk deur vele rusies. En waar nog getrag word om die beste voet na buite voor te sit, kan die atmosfeer dikwels met 'n mes gesny word. Selfregverdiging, verwyte oor sake wat lankal vergete moes gewees het, rigoristiese handhawing van die eie standpunt is tipiese verskynsels in hierdie verhouding.

*Gevolge:*

Die woorde van Paulus is ook waar van hierdie verhouding: „Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie" (Gal. 5 : 15). Dit is 'n vernietigende huweliksverhouding. Dit is ook opmerklik dat vele driehoeksverhoudings uit hierdie huweliksverhoudings ontspring as die man en/of vrou liefdeswarmte buite hulle eie verarmde en geteisterde verhouding gaan soek. Die verbrokkelende verhouding is die rypgeworde vrug van 'n ongesonde huwelikslewe wat dikwels in die roomjare krisisafmetings aanneem. Meer as 5 200 blanke vrouens in ons land tussen die ouderdom van

20 en 39 jaar was in 1972 betrokke by egskeidings — en 'n raps minder mans. By die egskeidings was 11 940 kinders betrokke. Seker onnodig om te sê: die opvoeding en ontwikkeling van kinders word ernstig gestrem in dié verhouding. Dit gebeur oor en oor dat die man en die vrou die kinders gruwelik misbruik om hul eie emosionele behoeftes te bevredig. As botsende lojaliteit van kinders geverg word, moet dit 'n verwoestende verwarring skep.

2.5 *Die Vryheidsverhouding* (kyk skets 6):

In al 4 die vorige verhoudings speel selfsug, geestelike luiheid en verwaarlosing van huweliksverantwoordelikheid 'n groot rol. Teenoor die skewe leefwyses, staan die pragtige riglyne van Efesiërs 5 : 22, 25: „Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here, en manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het." Die Bybelse riglyne word nie alleen in populêre kringe nie, maar selfs deur teoloë sleg verkeerd verstaan.
Dr. Jessie Bernard som dit op dat die Joodse, Christelike en Islamitiese gelowe eenstemmig is dat die vrou minderwaardig is teenoor die man. Heel eensydig word die vrou gesien as die onderworpene, terwyl die eis dat die man die vrou moet lief hê soos Christus die gemeente liefhet, glad nie in berekening gebring word nie [21]. Dan pleit sy: „To help women achieve a better marriage, we will therefore have to prepare them for it in ways quite different from those of the past .... They will have to be prepared to become autonomous women, not economically dependent ...." [22]. 'n Teoloog soos Morris, sê: „In developing a Christian attitude towards sex we cannot go back to the Old Testament standards for the answer .... Nor can we follow blindly New Testament ideas regarding sex, for these are influenced by the Old Testament" [23].

*Omskrywing:*

Die vryheidsverhouding word gekenmerk deur die hoofskap van die man en onderdanigheid van die vrou — maar dan konsekwent 'n wedersydse liefdesdiens soos Christus teenoor die gemeente en die gemeente teenoor Christus. Dit moet dus 'n huwelik in die Here wees (1 Kor. 7 : 39). Hiermee word nie gesê dat die Christelike huwelik 'n ander bestemming kry as wat dit volgens die skeppingsordonnansie het nie, maar „dat in die Heer het beginsel der wederkerigheid, de onderlinge afhankelijkheid en het onderling diensbetoon in de liefde op een nieuwe wijse geld en tot uitvoering komt" [24]. Die liefde in Christus bepaal die onderlinge omgang. „Dit impliseert voor de vrouw de plicht de leidende plaats van de man te erkennen, en voor de man de plicht der liefde" [25].
Dit is 'n natuurlike verhouding. „Die beskermingsbehoefte kan hier as voorbeeld voorgehou word. Die vrou wil beskerm word sekuriteit, materieel en psigologies). Die man wil beskerm" [26].

Die vryheidsverhouding is 'n verhouding van wedersydse gerigtheid. Die vrou openbaar 'n rustige onderworpenheid aan die leiding van die man; natuurlik is dit nie slaafs of kritiekloos nie, want die vrou is geskape as hulp van die man (Gen. 2 : 20). Buitendien het die vrou saam met die man 'n heersersopdrag (Gen. 1 : 27, 28). Die man, van sy kant is weer geroepe om met 'n liefde soos van Christus teenoor sy vrou te staan (Ef. 5 : 25). Wat 'n geweldige opdrag! Christus het Homself oorgegee. Groter liefde as dit kan daar nie wees nie (Joh. 10 : 11—15; 15 : 13; 1 Joh. 3 : 16). So moet die man met die allergrootste liefde teenoor sy vrou staan. Met sy liefde heilig Christus die gemeente, d.w.s. sonder Hy die gemeente vir Hom af tot sy diens. So moet die man ook sy vrou vir hom „heilig". In sy oneindige offer bring die Here die beste in die mens, sy gemeente, na vore (Ef. 5 : 27). So laat die liefdesopoffering van die man die mooiste van vrouwees 'n werklikheid word.

Van die Here sê Paulus dat Hy die gemeente voed en koester (Ef. 5 : 29). So vertolk hierdie liefdevolle versorging van die man ook in stoflike *en* geestelike, emosionele versorging van die vrou. Hierdie wedersydse oorgawe vind sy dieptepunt in 'n geestelike eenwees en die fisiese eenwording. Dit bly 'n groot verborgenheid. Maar van hierdie heerlike verhouding is Christus en die gemeente die heerlike voorbeeld. Uit die hele betoog van Paulus blyk ook die groter verantwoordelikheid van die man as hoof om die huwelik tot ontplooiing te bring.

*Voorkoms:*

In die verlowingstadium en vroeë huwelikstadium kry 'n mens die pragtige gloed van die vryheidsverhouding nogal dikwels. Maar dit is ook goed verstaanbaar dat die werklike diepte alleen bereik kan word as daar in gesamentlike aanbidding voor die troon van God gestaan kan word. Te dikwels is die aangetrokkenheid te veel gerig op die seksuele en fisiese bande wat die paartjie bind. Drakeford kan dit goed opsom as hy sê dat in heelwat huwelike daar tog goeie seksuele aanpassing is, maar die huwelik misluk [27].

Dit is jammer dat sovele huwelike spoedig die aanvanklike glans verloor. Maar dit is goed te verstane: Ware liefde is nie natuurlik by ons as mense nie [28].

Die huwelik ken, volgens deskundiges veral twee periodes wat deur moeilikhede geteister word. Die eerste periode is die eerste vyf jaar, dikwels gekenmerk deur vele aanpassingsprobleme. Die volgende is as die getroudes ongeveer 40 jaar oud is [29]. Prof. Cronje e.a. toon aan dat baie van hierdie probleme wat huweliksgeluk aantas, in die stadium van huwelikskeuse reeds teenwoordig kan wees [30]. Saamleef het 'n afstompingseffek wat alleen met die hartlikste toewyding en oorgawe teë gewerk kan word. Lewensdrukte, die verval in emosielose roetine, gebrek aan kommunikasie, nalaat van tydjies om by mekaar te wees, vervlakking en verskraling van die liefdesspel en die seksuele tot

blote fisiese bevrediging, kan alles oorsake wees dat die verhouding uit die vryheidsverhouding uitglip.
Die huwelik verg harde werk om gesond te bly. Maar die harde werk van selfverloëning het heerlike vrugte: 'n Warm gesinslewe, geluk en lewensvreugde, gesonde godsdienslewe, gesonde godsdiensatmosfeer (Ps. 128). 'n Gesonde huwelik dra sy deel by om die hele lewe te verryk. (Sien skets 1).

## 3. VERHOUDINGSBESOEDELING EN -STIMULERING (kyk skets 7):

### 3.1 *Verhoudingsbesoedeling:*

'n Tyd gelede het ek in 'n koerant gelees dat elke woonstel 'n klankdigte hokkie moet hê, waar man en vrou mekaar die leviete kan voorlees. Die doel? Om te ontlaai! Dit is maar 'n taamlike destruktiewe metode om jou frustrasies af te rangeer. Rusie is te dikwels 'n saamkoek van ongesonde verdedigingsmeganismes: 'n afbrekende poging tot selfhandhawing.
En tog het rusie 'n positiewe bydrae te maak. Dit is soos die waarskuwingsliggie van 'n motor. Dit toon een ding: Daar is fout. Die huweliksgenote is nie meer in die vryheidsverhouding nie, want dan sou hulle hul geskille op 'n rustige, verantwoorde wyse kon bylê. Die rusie dwing, in 'n gesonde benadering, tot ernstige selfondersoek en verskoning vra. Want daar is maar een manier om die troos waarvan die Kategismus praat, te belewe: Jy moet weet hoe groot *jou* sonde en ellende is (Vraag en antw. 2). Sonder selfondersoek is ons geneig om die foute op verkeerde plekke te soek.
Neem 'n voorbeeld wat dikwels voorkom: die vrou is geïrriteerd en prikkelbaar, en begin dikwels die rusie. In so 'n situasie kan die dieperliggende maklik ongesiens verbygaan. Die werklike oorsaak van die probleem kan bv. oorspannenheid by die vrou wees, of emosionele verwaarlosing deur die man. Om swaarde te kruis, is om die probleem net te vererger. (Spr. 17 : 14 ; 26 : 21; 30 : 33). Enige negatiewe emosie wat teen die ander gerig word, het die neiging om die ander persoon se reaksie negatief te beïnvloed. Dit kan ons verhoudingsbesoedeling noem.

### 3.3 *Verhoudingstimulering* (kyk skets 7):

Teenoor verhoudingsbesoedeling — die negatiewe emosie wat die negatiewe reaksie oproep — het die christen 'n besondere taak. Met 'n lewe wat deurdrenk is van genade, is hy of sy geroep tot verhoudingstimulering. Gestel die vrou openbaar 'n negatiewe houding, dan is dit sekerlik in die eerste plek die man se taak om tot selfondersoek te kom en te kyk of sy optrede of houding nie oorsaak van die negatiewe by sy vrou is nie. Maar meer nog as dit: met 'n volgehoue positiewe houding — soos die van Christus — sal hy langsamerhand daarin slaag om sy

vrou uit die groef van onvergenoegdheid te kry. Ps. 133 sê: „So sal die liefde liefde wek." In Pred. 4 : 9, 10, 11 staan: „Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hul moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel. Verder, as twee bymekaar lê, kry hulle warm; maar hoe kan een allenig warm word?"
Die pastor sal veral in huweliksprobleme die konfliksituasie moet help ontleed en lidmate moet help om tot 'n positiewe benadering in Christus te kom. Maar weereens is 'n christelike lewenshouding, die nuwe lewe, 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n in-diepte toepassing van hierdie beginsel. Sonder selfverloëning, sonder die liefde in die hart, sonder die belewing van verbondsliefde, kan dit tog nie! En sonder die genade van die Heilige Gees kan dit tog nie (Gal. 5 : 16—22).

## 4. DIE GESINSKONSTELLASIE (kyk skets 8 en 9):

### 4.1 *Die prioriteit van die huweliksverhouding:*

Een van die mooi openbaringe van die Bybel aangaande die huwelik is dat dit die hegste, intiemste en belangrikste tussenmenslike verhouding is. Dit is selfs belangriker as die tere verhouding tussen ouer en kind. Paulus huiwer nie om dit te vergelyk met die onbreekbare verhouding tussen Christus en gemeente, wat sy onverbreekbaarheid in Christus kry, nie (Ef. 5 : 31). Die pragtige geskiedenis van die vrou se skepping onderstreep dit (Gen. 2 : 21—24). Ek herinner my dat iemand gesê het: „Sy is nie uit sy kop gemaak, sodat sy oor hom sou heers nie, ook nie uit sy voete, sodat op haar getrap sal word nie, maar uit 'n rib in sy sy, dat sy aan sy sy kan staan; uit 'n rib naby die hart, sodat hy haar sal liefhê." Die woord bruilof of huwelik word telkens in die Bybel gebruik as beeld van die onverbreekbare verhouding wat daar tussen God en sy volk bestaan. So is die huweliksverhouding die prins van alle tussenmenslike verhoudings. As dit om een of ander rede verwaarloos word, voorspel dit probleme.

### 4.2 *Oorsake van verwaarlosing:*

Redes waarom hierdie verhouding verwaarloos word, kan velerlei wees. Benewens 'n onbevredigende basiese verhouding as oorsaak, kan daar ook nog ander wees. As die ouer-kind-verhouding in die gesin prioriteit kry, lyk dit selfs christelik. Maar dit kan direkte aanleiding daartoe gee dat die huweliksverhouding in die vennootskapsverhouding inglip — die bekende; nie-direk-met-mekaar-te-doen-hê nie; maar d.m.v. die-kind-met-mekaar-te-doen-hê . U ken die probleem van die verwende, bedorwe en oorbeskermde kind! Die ellende hiervan is verder dat die kommunikasie tussen die egliede al meer en meer d.m.v. die kind plaasvind.

'n Ander rede kan bv. onbedagsaamheid en ou gewoontes wees. As die man gewoond was om saam met sy vriende uit te gaan, kan hy daarmee voortgaan ten spyte van die huwelik.

4.3 *Gevolge:*

Die gevolglike terugskuif van die huweliksverhouding kan 'n hele kettingreaksie tot gevolg hê: 'n gefrustreerde vrou, verhoudingsbesoedeling tussen die man en sy vrou, verhoudingsbesoedeling tussen die man en sy vriende aan die een kant en die vrou aan die ander kant, of gebrek aan sekuriteit by die kind[33]. Die man of vrou kan ook teruggryp na die ou vertrouensverhouding wat daar in die kinderjare tussen hulle en hulle ouers was. Dit gebeur veral as die huwelik deur stram fases gaan. Verder kry ons die bekende skoonouer-probleem. Die tipiese van die skeeftrek in die gesinskonstellasie is dat die huweliksverhouding sy prioriteit in die verhoudingsrangorde verloor. En heel dikwels word die verhoudings verder besoedel deur verhoudingsbesoedeling. 'n Verdere gevolg is dat die siek gesinslewe ook 'n negatiewe invloed op die samelewing laat uitgaan.

5. SLOT:


God leer ons dat die huwelik een van sy skeppingsdade is. Daarom is ons in die huwelik alle verantwoordelikheid aan Hom verskuldig. Sien ons lidmate dit nog so dat hulle ook eintlik rentmeesters is van 'n kostelike gawe wat God gegee het? Ons moet as pastors altyd onthou: ons plant, ons maak nat. Maar dit is God wat laat groei (1 Kor. 3 : 6). Daarom is insig, kennis en vaardigheid nie die belangrikste nie, maar wel sy kinderlike afhanklikheid in gebed en voorbidding van die enigste God wat lewe kan gee.

## SKETSE

SKETS 1: VERHOUDINGSVLAKKE BESIEN UIT POSISIE VAN MENS

Die mens staan in vier verhoudingsvlakke:


1. Die Ek-God-verhouding;
2. Die Ek-self-verhouding;
3. Die Ek-jy-verhouding;
4. Die Ek-dit-verhouding.




Die een verhouding beïnvloed die ander. Die herstel van die verhouding tussen God en mens in Christus lei tot die nuwe lewe (2 Tim. 1 : 1).


## BASIESE VERHOUDINGS IN DIE HUWELIK:

### SKETS 2: VENNOOTSKAPSVERHOUDING





Man en vrou gaan in 'n mindere of meerdere mate hul eie koers, met weinig of geen betrokkenheid nie. Gesamentlike belange is die hoofsaaklike of enigste bindstof in die verhouding. Gewoonlik min konflik; emosionele verskraling en min diepte.

### SKETS 3: AFHANKLIKHEIDSVERHOUDING





Een van egliede gaan sy of haar koers, terwyl die ander weinig eie gerigtheid het. Lg. boet sy of haar persoonlikheid in. Min of geen konflik. Verhouding skeef en arm. Swak opvoedingsmilieu.

### SKETS 4. DWANGVERHOUDING





Een van egliede dominerend. Dwing die ander openlik of subtiel om toe te gee aan selfsugtige en eiegeregtige eise. Verhouding gekenmerk deur openlike of latente aggressie. 'n Ongelukkige verhouding met weinig diepte.

### SKETS 5: VERBROKKELENDE VERHOUDING





Man en vrou beweeg geestelik weg van mekaar. Verhouding gekenmerk deur hewige konflikte en spanningstoestande. Geen kommunikasie nie. Onvermoë om mekaar te bereik.

SKETS 6: DIE VRYHEIDSVERHOUDING





Man en vrou in liefde op mekaar gerig. Verbondsverhouding tussen Christus en die gemeente die voorbeeld vir die huweliksverhouding. Min of geen spanningstoestande. Spanning wat voorkom met gemak opgelos. Huwelik diep, warm en gelukkig. (Ef. 5 : 22—33).

SKETS 7: VERHOUDINGBESOEDELING EN VERHOUDINGSTIMULERING




Die positiewe in die houding van die een, beïnvloed die houding van die ander ook positief. So ook egter met 'n negatiewe gerigtheid van die een teenoor die ander.


SKETS 8: NETWERK VAN VERHOUDINGS TUSSEN MAN, VROU EN KIND




Die onderlinge verhouding word gekenmerk deur veelvuldigheid en ingewikkeldheid. Slegs as in selfverloënende liefde teenoor God en die naaste geleef word, kan die verhoudings werklik gesond bly. Sien Gal. 5 : 18—22: Die werke van die Gees teenoor die werke van die vlees.

## SKETS 9: GESINSKONSTELLASIE

Verhoudings in 'n gesinskonstellasie moet 'n gesonde rangorde hê. Die belangrikste tussenmenslike verhouding bly die huwelik.




Die prioriteit van verhouding mag wissel, maar mag nooit die van die huwelik verdring. In geval van bemoeiliking van die huweliksverhouding moet die probleem aandag ontvang.

M: Man; V: Vrou; MF: Man se familie; VF: Vrou se familie; Ki: Kind; K: Kollega; Vr: Vriend.

### AANTEKENINGE

1) Oor die huwelik verskyn daar daagliks nuwe werke waarvan die pastor met vrug kan kennis neem. Maar belangriker as hierdie kennis, is deeglike kennis van die Skriftuurlike beginsels van verlossing deur Christus en die beginsels wat ten grondslag van die Christelike huwelik lê. Maar hy moet ten spyte van sy eiesoortige Skriftuurlike benadering van huweliksprobleme ook begrip hê van die ontwikkeling, funksie en struktuur van die persoonlikheid; van kulturele faktore wat 'n invloed op die huwelikslewe en die persoonlikheid het; van die proses van interpersoonlike interaksie; van die tegniek van die pastorale gesprek, en va nverwysing na ander instansies wat spesifiek hulp kan verleen. (Sien JOHNSON, Dean: Marriage Counseling, Prentice Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1961, p. 195). In Suid-Afrika is daar verskeie verenigings wat hul bemoei met die huwelik, soos bv. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe (Hoofkantoor: Hochstetterhuis 59A, Andries Pretoriusstraat, Pretoria), huweliksrade en huweliksvoorligtingsverenigings wat met die nodig onderskeiding en versigtigheid gevra kan word om hulp te verleen.

   Die Universiteit van Suid-Afrika se Departement Maatskaplike Werk bied 'n korrespondensiekursus „Huweliksvoorligting en -beraad" aan. Die kursus behels die volgende aspekte van die huweliks- en gesinslewe: Fisiese en psigiese aspekte; sosiologie, regs- en etiese aspekte; die praktyk van huweliksvoorligting en -beraad.

Waarde van kontak met hierdie instansies bied ook insig hoe die huwelik buite die calvinistiese kring gesien word.

2) CHARLIE WILLIAM STEWART: *The minister as marriage counselor,* Abingdon Press, New York, 1961.

3) JAY E. ADAMS: *Shepherding God's flock,* Presbiterian and Reformed Publishing Co. V.S.A. 1974, p. 2.

4) M. H. BOLKENSTEIN: *Zielzorg in het Nieuwe Testament,* Uitgeverij Van Keulen, Den Haag, 1964, p. 14 e.v.

5) JAY E. ADAMS: a.w. Deel *II,* p. 8.

6) Sien skets 1.

7) M. H. BOLKENSTEIN: a.w. pp. 85 e.v.

8) G. BRILLENBURG WURTH: *Het Christelijk leven in huwelijk en huisgesin,* J. H. Kok, Kampen, 1951, p. 48 e.v.

9) CHRISTA MEVES: *Huweliksalfabet,* Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1975, p. 34.

10) J. S. MOUTON EN R. R. BLAKE: *The Marriage Grid,* McGraw-Hill Book Co., New York, 1971: In die boek is die houding mooi weergegee in die volgende woorde: „My mate is my partner. I want us each to play our rules and do our part. Our marriage is geared to being members in good standing in our social group" of „I want to be left in peace by my mate. Home is where I eat, sleep and keep my things" p. 5.

11) PAUL TOURNIER: *Huwelijks moeilijkheden,* N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmij., Wageningen.

12) P. W. VENTER: *Onkerksheid,* H.A.U.M. Pretoria, 1957, p. 221 e.v. In die gedeelte, „Die ondergang van die Patriargale Stelsel" gee dr. Venter 'n mooi uiteensetting van die losser en stewiger konstruksie van die gesinslewe, en die gevolge daarvan.

13) MEVES, a.w. p. 35.

14) TOURNIER, a.w. p. 35.

15) OSWALD KOLLE: *Jou kind, die onbekende,* Reijger-Uitgewers, Kaapstad 1968.

16) G. CRONJE: *Man en vrou in die huwelik,* H.A.U.M., Kaapstad-Pretoria, 1959, p. 109.

17) CRONJE, a.w. p. 110.

18) CLYDE M. NARRAMORE: *Encyclopedia of psychological problems,* Zondervan Publishing House, Grand Rapids, 1970.
A. E. M. VAN DER DOES DE WILLEBOIS: *Vervreemding en Verslawing,* Dekker en Van de Vegt, Utrecht, 1965.

19) MEVES, a.w. p. 44: Meves het in haar boekie 'n mooi hoofstuk hieroor onder die opskrif: „Magduiwels uitroei."

20) JOHN R. CHRIST: *The overdominant partner problem,* in RICHARD H. CLEMER: *Counseling in marital and sexual problems,* The Williams & Wilkins Co., Baltimore, 1965, p. 231 e.v.

21) JESSIE BERNARD: *The future of marriage,* Souvenir Press, London, 1973, p. 10.

22) BERNARD, a.w. p. 287.

23) J. KENNETH MORRIS: *Marriage Counceling—a manual for Ministers,* Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1965, p. 174.

24) HERMAN RIDDERBOS: *Paulus,* J. H. Kok, Kampen, 1973, p. 341.

25) HERMAN RIDDERBOS: a.w. p. 342.
26) H. J. C. PIETERSE: *Huwelikspastoraat,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1977, p. 70. J. P. Grobler: *In die Skriflig,* Jaargang 10, No. 38, Junie 1976, p. 12—14, vir onjuiste ideale vir huweliksgenote, ook aangehaal deur Pieterse, a.w. p. 70, e.v.
27) JOHN W. DRAKEFORD: *The great sex swindle,* Broadman Press, Nashville, Tennesee, 1966, p. 109.
28) Heidelbergse Kategismus, vrae 5 en 8.
29) W. G. DE VRIES: *Het huwelijk in ere,* Uitgeverij „De Vuurbraak", Groningen, 1976, pp. 130—134.
30) CRONJE, a.w. pp. 25—40.
31) DREIKURS, RUDOLF: *Het huwejik een uitdaging,* Erven J. Bijleveld, Utrecht, 1961, pp. 60—83.
32) MEVES, a.w. pp. 18—22.
33) HAIM G. GINNOTT: *Tussen ouer en kind,* Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1974, p. 96.

*Gelewer voor G.T.V. Jaarvergadering Junie 1979.*